STELLENBOSCH

Die Burger 24/07/09

Fees van kuns, musiek en wyn vir fynproewer

Ter viering van die plaaslike wynbedryf se 350ste bestaansjaar het die landskapkunstenaar Strijdom van der Merwe onlangs 'n kunsinstallasie van vyf enorme metaalrame op die Simonsig-landgoed by Stellenbosch geskep.

Elkeen beeld 'n interaktiewe element van wynmaak uit om erkenning aan die Suid-Afrikaanse wyne te gee.

Dit is een van vele attraksies om kleur te verleen aan die Stellenbosch-wynroetes gedurende die spesiale "wynweek" voor die jaarlikse Stellenbosch-wynfees wat van 30 Julie tot 2 Augustus by die Paul Roos-sentrum in Stellenbosch gehou word.

Meer as 500 verskillende wyne van 170 uitstallers sal hier onder een dak geproe kan word.

Die wynweek vooraf is om besoekers van vandag tot 31 Julie na die land se oudste wynroete te lok.

Dié weeklange makietie behels gesinsvriendelike aktiwiteite, soos dagtoere, spesiale restaurant-aanbiedinge, eksklusiewe wynmakersetes en onkonvensionele wynproeë.

Van der Merwe is deur die Malans van die familie-landgoed Simonsig genader en hy is die vrye teuels gegee om die land se wynmaaktradisie en erfenis op sy eie manier uit te beeld.

Die konsep was 'n gesamentlike poging tussen Van der Merwe en Neil Stemmet van Koncept Design & Architecture. Dit het gelei tot die vyf bonkige (vier meter hoë) raamwerke, getooi in Van der Merwe se kenmerkende rooi kleur. Volgens hulle weerspieël elke raamwerk 'n sekere omstandigheid, karakter of 'n komponent van die tydsame proses van wynmaak.

Die vyfde en laaste raam bring hulde aan Simonsig se bekroonde méthode cap classique-reeks, en vier die landgoed se pioniersvernuf en sy bydrae tot die wyn- en toerismebedryf.

Wyle mnr. Frans Malan het as eienaar en wynmaker van Simonsig 'n groot bydrae tot die wynbedryf gelewer. Hy het die land se eerste méthode cap classique, Simonsig se Kaapse Vonkel, in 1971 bekend gestel.

Hy was ook een van die medestigters van die Stellenbosch-wynroete, die eerste wynroete in die land.

Die Stellenbosch-wynfees bied vanjaar 'n splinternuwe "fynproewerslaan" aan om feesgangers geleentheid te gee om die beste van die beste restaurante te beproef. Die restaurante 96 Winery Road, Overture, Terroir, Joostenberg Bistro, Blaauwklippen en die Volkskombuis sal gedurende die fees spesiale geregte en uitmuntende wyne aan feesgangers voorsit.

Musiekkunstenaars soos Sima, Zamar en Gerald Clark gaan optree en vir rugbyondersteuners is daar ook voorsiening gemaak met 'n grootskerm-TV vir die groot wedstryd wat tydens die fees gaan plaasvind.

Lize Beekman tree ook op by Delheim se liefdadigheidskonsert ten bate van kinderwelsyn.

Rig navrae oor die Stellenbosch-wynfees by ☎ 021 886 4310 of besoek www.wineroute.co.za.

Strijdom van der Merwe se kunswerke op die Simonsig-landgoed. Foto's: VERSKAF

Strijdom van der Merwe saam met Simonsig se wynmaker, me. Debbie Thompson (links) en me. Annareth Bolton van die Stellenbosch-wynroete.

Buite met Bacchus

JOHANN CRAFFORD

Die Burger 21 Julie 2009

Winter is mos feestyd op Stellenbosch en van 30 Julie tot 2 Augustus vind die agtste Stellenbosch-wynfees plaas.

Met dit in gedagte sit ek mos nou die aand voor die kaggel en dink aan hoe beskeie die Stellenbosch-wynroete, die oudste en grootste in die land, byna 40 jaar gelede ontstaan het en hoe omvangryk hy vandag is.

'n Mens kan byna elke week van die jaar 'n dag daarheen ry en drie wynprodusente in 'n gegewe gebied besoek, ongelooflike natuurskoon ervaar, uitmuntende wyne proe en kos uit die boek uit eet sonder om twee keer na dieselfde plek te gaan.

Om myself reg te bewys, vat ek toe die pad om 'n paar wynmakers daar by die Bottelary-heuwels te besoek.

Dit lê langs die R304 aan die noordwestekant van die Eikestad.

My besoek het afgeskop by Hazendal (☎ 021 903 5034) waar die skone Annareth Bolton, "hoofmeisie" van die Stellenbosch-wynroete, my ingewag het.

In 1994 het die Russies-gebore sakeman, dr. Mark Voloshin, die landgoed aangeskaf en vandag spog Hazendal se geskiedkundige ou kelder met 'n stylvolle proesentrum en restaurant, asook 'n museum met onder meer Russiese kuns, juweliersware, kristal, porselein en Fabergé-eiers.

> 'n Mens kan ongelooflike natuurskoon ervaar en uitmuntende wyne proe.

Reg langs die gebou is die nuwe, moderne wynkelder waar Hazendal se spogwyne gemaak word.

Nadat ons die monde met die White Nights Sparkling gepolitoer het, het ons Hazendal se Shiraz/Cabernet Sauvignon, Shiraz, gehoute Chenin Blanc en Bushvine Chenin Blanc geproe.

Hiervandaan is ons 'n entjie terug in die rigting van Stellenbosch tot by die afdraaipad na Goede Hoop/Fort Simon, die Fischerspad. Volg die grondpad tot by die eerste Sterhuis-bord en vandaar die aanwysings tot hoog teen die kop waar Sterhuis (☎ 083 411 0757) op jou wag – en vergaap jou aan die uitsig so ver as Tafelbaai en Valsbaai.

En as jou oë uiteindelik die pragtige natuurskoon gewoond geraak het, laat wynmaker Johan Kruger jou smaakkliere ook op 'n welverdiende reis neem.

Teen hierdie tyd was sowel ek as Annareth reg vir ietsie meer vas in die maag en ons het by Hartenberg (☎ 021 865 2541) ingedraai waar middagete gewag het. Maar eers het Sonnette Rabe ons op die vleiland-staproete van sowat 2,5 km (een van die min natuurlike vleilande in die wynwêreld) tussen die wingerde geneem. Hier is agt piekniekplekke en 'n verskeidenheid voël- en plantlewe.

Ná 'n heerlike middagete van tradisionele kos is ons kelder toe vir die wynproe. Kyk, as jy darem al geprys is dat jy die heel beste merlot in die wêreld maak en die derde beste shiraz, dan wéét jy jy kan wynmaak.

Hiervandaan is ons die kort entjie na die nuwe Bottelary Hills-wynsentrum by Devon Place op die hoek van die Bottelarypad (M23) en die R304. Elke wyn wat in hierdie gebied gemaak word, kan hier geproe en gekoop word.

Ek en Annareth is deur Henry Harding en Donovan Rall verwelkom en met 'n proe wat my lank sal bybly, getrakteer. Veral daai Mooiplaas Chenin Blanc 2008 en die Steytler Pinotage 2006 het 'n blywende indruk gemaak. Die wynsentrum is sewe dae per week oop en hoewel ek nie juis 'n voorstander is van wyn by winkels koop nie, sal Henry en Donovan my beslis weer sien.

Ons laaste kuierplek van die dag was Villiera (☎ 021 865 2002), net links van waar die R304 oor die spoorlyn loop. Hierdie bekende landgoed is in 1983 deur die neefs Jeff en Simon Grier begin, terwyl suster Cathy Brewer later by die span aangesluit het.

Annareth Bolton van die Stellenbosch-wynroete, en Johan Kruger, wynmaker op Sterhuis, tussen die wingerde met die heuwels van Bottelary en Tafelberg in die agtergrond. Foto: JOHANN CRAFFORD

As jy na die ellelange lys toekennings kyk wat die Griers al vir hul gewone en vonkelwyn ingepalm het, dan besef jy hoe minder gesê, hoe beter.

■ Johann Crafford is 'n joernalis, skrywer en vertaler. Hy kan gekontak word by ☎ 073 235 7237 of by jayhcee@iafrica.com, of besoek www.planeetwyn.co.za.